
MATLA A BOKONE SOLAR

OKTOBER 2020
# NUUSBRIEF





## MATLA A BOKONE - **'N EG PLAASLIKE NAAM**

Honderde mense van gemeenskappe in die Sol Plaatjie-munisipaliteit is genooi om 'n nuwe naam vir die sonenergieprojek te help kies. **"Matla A Bokone"** is as die naam vir die projek gekies. Dit beteken **"Krag van die Noordelike Steek"** in Setswana. Die wenvoorstel kom van Khotso Mathakgane 'n 28-jarige inwoner van Chris Hani Park in Kimberley af.

***Oor die wenner, mnr. Mathakgane:*** *Hy bly al meeste van sy lewe lank in die Sol Plaatje-gebied en het inligtingstegnolgie aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie in Bloemfontein studeer nadat hy sy skoolloopbaan aan St Boniface High School in Kimberley voltooi het. Hy verkies om sy vrye tyd met sy twee kinders te spandeer en is dol oor skaak. Hy leer ook die spel aan jongmense in sy gemeenskap.*

Die inspirasie vir die nuwe naam kom van die geografiese ligging van die sonkragaanleg en die mense van die noorde se behoefte aan krag. Die insluiting van die gemeenskap om 'n naam vir die sonkragaanleg te help kies was die eerste stap in die operasionele strategie van die 20 jaar lange projek. Dit help om plaaslike gemeenskappe te betrek en hulle deel te maak van die ontwerp en implementering van sosio-ekonomiese en ondernemingsontwikkelingsinisiatiewe.



*Wenner van die sonenergieprojek benamingsveldtog, Mnr. Khotso Mathakgane*

## GEBRUIK DIÉ SES STAPPE **OM JOU HANDE TE WAS**

*Die Departement van Gesondheid beveel aan dat hande vir 20 sekondes gewas word om sodoende die verspreiding van die koronavirus te vertraag.*




**BLY VEILIG**
#CoronaVirus
www.nicd.ac.za
www.health.gov.za

**Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:**
www.sacoronavirus.co.za

matlaabokonesolar.co.za | info@matlaabokonesolar.co.za | *Like* ons Facebook blad | **RenewEnergyCo**

# MATLA A BOKONE VERWELKOM **NUWE SKAKELBEAMPTE**

Welkom aan Lesego Mosiane, wat in Augustus 2020 by Matla A Bokone Solar aangesluit het as die nuwe skakelbeampte vir die gemeenskap.

Lesego sal die skakel wees tussen die sonenergieprojek en die gemeenskappe van Barkly Wes, Riverton, Kimberley, Kimberley-Sentraal, Greenpoint, Galeshewe, Roodepan, Platfontein, Holpan, Delportshoop, Windsorton, Ritchie en Boshof.


Lesego is van Kimberley af, ken die plaaslike gemeenskap goed en bring bewese ervaring in gemeenskapsontwikkeling en opheffing na die tafel toe.

***"Dit is deel van my werk om vas te stel watter uitdagings deur plaaslike gemeenskappe ervaar word, ten einde ontwikkelingsinisiatiewe holisties te beskerm en om venootskappe met ons aandeelhouers te beskerm."***



Nuwe skakelbeampte, Lesego Mosiane

# PLAASLIKE KMMO's BAAT UIT **ONDERNEMINGSONTWIKKELINGSPROGRAMME**



Die eerste interaktiewe vergadering van die 22 entrepreneurs by die Angels-hulpbronsentrum.

Matla A Bokone Solar se Ondernemingsontwikkelingsprogram het in Augustus by die KMME-dorpie in Galeshewe afgeskop. Altesaam 22 plaaslike entrepreneurs het die eerste interaktiewe vergadering by die Angels-hulpbronsentrum bygewoon. Plaaslike klein, medium en mikrondernemings (KMMO's) sal tot in 2022 ondersteuning te ontvang. Daarna sal hulle formeel vereer word by 'n gradeplegtigheid.

***Benedict Mamapula van die Droogfontein Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom, sê:*** *"Ons is ongelooflik gelukkig met die gemeenskapsontwikkelingsprogram sover. The doel is om plaaslike entrepreneurs te bemagtig en die program neem elke individu se behoeftes in ag."*

# STUDIEBEURSAANSOEKE VIR 2021 **IS NOU OOP**



Graad 12-leerlinge word uitgenooi om vir studiebeurse by tersiêrse instellings in 2021 aansoek te doen. Aansoeke kan aanlyn by Matla A Bokone se webtuiste ingedien word. Die studiebeursprogram help om jongmense wat binne 'n radius van 50m van die Matla A Bokone-sonkragaanleg bly in staat te stel om hule tersiêre studies – hetsy dit vir 'n universiteitsgraad of nasionale diploma is - te voltooi.




Matla A Bokone Solar PV Facility
Riverton, Kimberley, 8301

**Kantoorure:**
Monday – Friday: 8h30am to 17h00pm

**Skakelbeampte**
Lesego Mosiane
079 492 5710
lesego.mosiane@eimsafrica.com